Moreletapark
GEMEENTE | CONGREGATION

27 (0)12 997 8000 | 086 677 8888
info@moreleta.co.za | www.moreleta.org
De Villebois Mareuil Drive 1353, Moreletapark x83
Posbus 39541, Moreletapark, 0044

16 April 2019

'Strome' program word vervang met 'Keerpunt' deur ds Dirkie van der Spuy

Liewe gemeentelede, vriende en televisiekykers,

Ons wil jou graag op hoogte hou wat betref MPG se TV-uitsendings, dus hiermee die nuutste verwikkeling wat dit betref:

Die Gemeente se "Strome" erediensuitsendings op TBN kanaal 343, het op 31 Maart 2019 ten einde geloop en as gevolg van die finansiële implikasie, het die Gemeente besluit om nie weer die kontrak met TBN te hernu nie. Ons gaan eerder ons eredienste op **YouTube sosiale media kanaal** en deur middel van "streaming" (lewendig tydens 'n Sondageredіens **via die web**) uitsaai, wat in lyn is met die vooruitgang en ontwikkeling van tegnologie.

Keerpunt was 'n program wat ds Dirkie van der Spuy, namens Moreletapark Assosiasie (mpa), sedert 2015 tot vroeg 2018 op TBN kanaal 343 om 07:00 op 'n Sondag behartig het. Die Here het nou op 'n bo-natuurlike wyse vir ds Dirkie van der Spuy die finansies gestuur om steeds op TBN se kanaal 343 op 'n Sondagoggend om 07:00, die Keerpunt uitsendings te hervat. Ons is dankbaar dat daar steeds op 'n Sondagoggend boodskappe in Afrikaans op televisie kan wees.

Bid asseblief dat die Here die uitdra van Sy Woord oor die internet en oor televisie sal seën.

Seënwense,
MPG Kommunikasiespan